voëlgesang

die tortel en die bosduif
kiewiet en tarentaal
het elk sy eie lied
koer en tjirr en kwiet

hul sange maak soms hartseer
of troos en vrolik op
hoe hul sing is nie ter sake
nootvas en nootvars bly dit

vroeg soggens wek hul
sang en lied en koor
luister jy net goed
hul stemme sal bekoor

die eufonie van hulle klank
streel jou tot diep hier binne
laat jou ontwaak in die wete
slegs die skepper kon dit doen

jan lubbe